

Ds. A. W. C. Bester
Calvinia
20 Mei 1973

Onderwerp: Vreeslike gebedsbyeenkoms

Lees: Openbaring 6 verse 9 tot 17

Teks: Openbaring 6 verse 15 tot 17

Sing: Psalm 48 vers 4
Gesang 9 vers 4
Gesang 11 vers 6

“In hierdie drie teksverse het ons ’n treffende beskrywing van ’n gebeurtenis wat nog sal plaasvind. En dat dit wel sal plaasvind is sekerder as wat ons vanmôre in hierdie gebou sit.

“Ons noem dit ’n gebedsbyeenkoms omdat die mense daar byeen sal wees om te bid. En volgens Johannes sal hulle gebede ernstig en dringend wees.

“Of die bidders enigsins daarby sal baat, is nie nou ter sake nie, maar dit staan vas dat hulle onverwags ’n merkwaardige gebedsbyeenkoms sal hou.

“Hierdie teks wil beklemtoon dat die Ewigheid voor en naby elke mens lê; en wie weet hoeveel van ons se Ewigheid gaan begin deur deel te neem aan hierdie groot gebedsbyeenkoms, waarvan ons teks ’n profesie is.

“Dat dit in alle opsigte ’n merkwaardige byeenkoms sal wees, wil ons vanmôre aan u voorhou. Wie sal hieraan deelneem? Tot wie sal hulle in hulle nood roep? Waarvoor sal hulle pleit en hoe sal hulle bid?

“Wie is die bidders? Volgens ons teks sal dit ’n ontelbare menigte wees. Dit sal so anders wees as die bidure waaraan ons gewoon is, wat net deur enkelinge bygewoon word. Maar die byeenkoms waarvan ons teks praat, sal groot en onoortreflik wees. Daar sal ’n skare wees wat ’n mens nie sal kan tel nie.

“En die verskeidenheid van mense wat aan hierdie gebedsbyeenkoms sal deelneem, sal merkwaardig wees: konings, rykes, magtiges en owerstes oor duisend. Dit sal mense wees wat jy nooit by ’n gewone weeklikse biduur sou aantref nie. Dit sal mense wees, wat as hulle nog kon, kieskeurig sou gewees het oor wie langs hulle sit en saam met wie hulle aanbid; en wat liever vanweë hulle hoogmoed tuis sou wou gebly het. Maar daardie dag sal hulle nie omgee langs wie hulle staan en wie saam met hulle roep in hulle nood

nie. Die koning sal nie omgee om skouer aan skouer te staan met sy lakeie nie; en die trotsaard om saam met slawe te verkeer nie.

“Verskeie kerkgenootskappe sal met wonderlike eensgesindheid bid: die Ortodokse Gereformeerdes en die heftige Liberales en die ywerigste Protestante en vurigste Rooms-Katolieke. Mense wat op aarde verwyderd van mekaar gestaan het, sal hier só eenstemmig en só eensgesind bid, asof daar nooit enige skeiding tussen hulle was nie. As ’n mens rampsalig genoeg is om in hierdie gebedsbyeenkoms te beland, sal jy vind dat elke uiterlike vorm van onderskeid sal verdwyn. Daar sal slegs die grootste gevoel van samehorigheid wees. Die nood sal universeel wees.

“Daar sal ook onder die ontelbare menigte etlikes wees wat in hulle lewe nog nooit gebid het nie: sommige omdat hulle, na hul mening, nie tyd daarvoor gehad het nie; ander omdat hulle nie wou nie; en ander weer omdat hulle in hulle ongeloof die spot gedryf het met gebed. En dit alles terwyl ’n ontfermende God hulle die geleentheid gegee het om te bid en hulle die heerlikste beloftes in sy Woord aangebied het.

“Maar dan sal niemand meer spot en vra of iemand ’n gebed gememoriseer het nie. Dan sal niemand vra of daar tyd of geleentheid is om te bid nie. Nee, die wat vroeër gespot het, sal dan ernstig wees. En wie nooit voorheen sy mond wou open nie, sal dan die hardste roep.

“Hoe sal alles nie in ’n oogwink verander nie! Wat die verharde sondaar lewenslank geweier het om te doen, sal hy dan doen. ’n Mens sal die voorheen swygende bidders hier op aarde, glad nie herken nie.

“Wie sal hulle aanroep? Dit sal nie God, of Jesus Christus, of die Heilige Gees wees nie. O nee! Die profesie sê hulle sal roep na die berge en die rotse, wat self dan aan die wankel sal wees.

“Broers en Susters, wie het al ooit van so iets gehoor? Sondaars wat in hulle nood na die berge en rotse roep om hulle te help teen die oordele van God; en om hulle teen God te beskerm.

“Waarom sal hulle dan nie na God roep nie? Omdat hulle dan sal besef dat dit te laat is. Op aarde kon hulle, hul nooit voorstel dat dit ooit te laat sou word nie. God het in sy groot genade en liefde gewaarsku dat daar ’n dag sal kom dat hulle na Hom sal soek en Hom nie sal vind nie; en na Hom sal roep en Hy nie sal antwoord nie. Hulle het geredeneer dat dit nooit sou gebeur nie,

omdat dit nie met God se wese vereenselwigbaar is nie. Na hulle medemens het hulle geluister, maar die Woord van God het op hulle lewens geen indruk gemaak nie. Maar dan sal dit nie meer nodig wees om sondaars te oortuig van die waarheid van God se Woord nie. Hulle sal dan oortuig wees. Daarom sal hulle nêrens in hulle gebede die naam van God noem nie. Daar sal geen geroep wees na Jesus wat aan die kruis vir sondes gesterf het; óf toegelaat het dat sondaars aan sy voete kan ween nie. Nee, hulle sal dan na die berge en rotse roep.

“En wat sal hulle bid? Wie sou ooit op aarde daarna verlang dat die berge en rotse op hulle moet val? Maar Johannes sê dat in hierdie gebedsbyeenkoms dit die bidders se verlange sal wees. En dit sal nie wees weens die vlamme van die ewige vuur; of die gloed van die ewige verderf nie. Nee, dit sal wees om hulle te verberg vir die aangesig van God wat op die troon sit.

“Hoe moet ons dit begryp? Mense wat op aarde hul lewe lank voor God se oë geleef het en nooit gedink het dat Hy hulle weë bespeur nie, sal dan smee dat die berge en die rotse hulle voor God se teenwoordigheid verberg. Niks kan meer ondraaglik wees as om só deur God blootgestel en ingehaal te word nie.

“God het hulle in hul lewe opgesoek met grenslose ontferming, maar hulle het dit in hul verhardheid verwerp. Hulle het geweier om te antwoord op God se roepstem: ‘So waar as Ek leef, spreek die Here HERE, gewis, Ek het geen behae in die dood van die goddelose nie, maar daarin dat die goddelose hom bekeer van sy weg en lewe. Bekeer julle, bekeer julle van jul verkeerde weë! Waarom tog wil julle sterwe ...?’ (Eség 33:11)

“Dieselfde barmhartige God sal dan ’n ontsettende verskrikking word. Dit wat op aarde vir hulle ’n Hemel kon wees, sal dan ’n Hel word. Want in die lig van God se heiligheid, sal hulle dan sien hoe hulle op aarde geleef het. Hulle sal sien hoe hulle onbeskaamd God se gebooe oortree het en die bloed van die kruis vertrap het. En dan sal hulle bid dat die berge en rotse hulle moet verskans teen die toorn van die Lam. Ja, die Lam, sagmoedig, liefdevol en teer, sal toornig wees. Op aarde het hulle gelag as so iets in ’n preek van Jesus gesê is, maar dan sal die gelag verdwyn. Dan sal elkeen weet dat die toorn van God teen die verharde sondaar ontvlam het.

“In hierdie hartverskeurende gebed is ook ’n eerlike belydenis: ‘... wie kan bestaan?’ Daar is geen uitroep

wat meer hopeloos en geen bitterder erkenning as dit nie. En tereg ook: wie kan voor God bestaan sonder 'n advokaat om jou saak te bepleit; voor die skuldeiser sonder 'n borg; voor die geopende boeke, sonder bedekking van jou sonde? Jy sal op duisende vrae geen antwoord kan gee nie. O ja, die konings, rykes en maghebbers sal moet bely: Wie kan voor die toorn van God bestaan: niemand nie; nie een nie.

“Daar sal lidmate wees, wat op die vraag of hulle wedergebore is, sal antwoord: Ek hoop so. Ek is gedoop en aangeneem. En hier voor die troon van die Lam en die troon van God sal hulle ontdek dat hulle verlore is en in radeloosheid smee dat die berge en die rotse op hulle val.

“Slim advokate, groot geleerdes, eiegeregtige Fariseërs en rykes wat gedink het dat geld alles is, sal dan ontdek dat slimheid, braafheid en geld so min teen die toorn van die Lam help as wat 'n spinnerak 'n vallende rots kan keer.

“En hoe sal hulle bid? Ernstig. Heel anders as wat hier op aarde gebid is. Hoe flou en sonder motief is die gebede nie soms nie. Mense bid só sonder om by die Gebedsverhoorde aan te dring op 'n antwoord. Maar daardie dag as dit te laat is, sal hulle ernstig roep.

“Helaas, die rotse en berge kan nie hoor nie. Tog sal hulle uit wanhoop roep: ‘Val op ons en verberg ons vir die aangesig van Hom wat op die troon sit, en die toorn van die Lam’.

“As hulle maar net voorheen die helfte van hierdie erns in hul gebede aan die dag gelê het, hoe anders sou die einde nie gewees het nie. Hulle lewe sou 'n voorbereiding gewees het vir die sing van 'n danklied voor God.

“Die gebede sal dan kort en kragtig en op die saak af wees. Nee, elkeen sal weet waaroor dit gaan. Daar sal ook nie op mekaar gewag word nie. Daarvoor sal die tyd te kosbaar wees. Die siel sal bewus wees dat hy op die punt staan om van die aangesig van God weggejaag te word die Ewigheid in; en dat hy vir altyd verlore sal wees.

“Broers en Susters, mag God ons behoed dat dit vir ons só te laat sal wees.

“Maak nou die beslissing in u lewe. Dan sal u kan bestaan as die dag van God kom. Maar dan moet u op die Rots van Jesus Christus bou en by God skuil.

“Moenie uitstel nie. Dit kan te laat word.

“Amen.”

Kommentaar:

Hierdie boodskap behoort 'n dringende waarskuwing te wees vir "gelowiges" wat die HERE beskou as 'n terloopse vanselfsprekendheid êrens in die agtergrond; om nie eers te praat van hulle wat die HERE prontuit verwerp nie.